FEDSAS

Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole

# Geïntegreerde Jaarverslag 2017



DIE FEDERASIE VAN BEHEERLIGGAME
VAN SUID-AFRIKAANSE SKOLE

# Geïntegreerde Jaarverslag
# 2017



# Inhoudsopgawe

VOORWOORD: NASIONALE VOORSITTER 3
INLEIDING 4
FEDSAS se benadering tot verslagdoening 4
Termyn gedek in hierdie verslag 4
Afkortings en verklarende terme 4
Kontakbesonderhede en terugvoering 5

OORSIG OOR FEDSAS 6
- Wie is FEDSAS? 6
- Kernwaardes 6
- Waarvoor staan FEDSAS? 7
- Wat doen FEDSAS vir jou? 7
- Bedryfstruktuur 8
- Nasionale Raad 9
- Komitees 9
- Nasionale voetspoor 10

FOKUSAREAS EN STRATEGIESE DOELWITTE 11
- Fokusarea: Opleiding 11
- Fokusarea: Bewusmaking 12
- Fokusarea: Navorsing 13
- Fokusarea: Groei ledetal 17
- Fokusarea: Fondswerwing en verhoudingsbestuur 17
- Fokusarea: Goeie korporatiewe bestuur 17

DOELWITTE VIR 2018 18
VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE HOOF 20
FINANSIËLE STATE 23

© FEDSAS Nasionaal
Saamgestel deur FEDSAS
Uitleg deur Chrysalis Advertising & Publishing



# VOORWOORD: NASIONALE VOORSITTER

Onderwys, ten spyte van die groot getalle leerders, opvoeders en ander rolspelers wat daarby betrokke is, is in werklikheid 'n aangeleentheid wat oor die individu gaan. Oor 'n kind se reg op gehalte-onderrig en op 'n ouer se reg om besluite te neem oor sy of haar kind se onderrig. Terwyl soveel van die besluitneming en optrede rakende die Suid-Afrikaanse onderwyssektor op die groter prentjie gefokus is – soos dit hoort wanneer ingeligte besluite in belang van die meerderheid geneem moet word – was FEDSAS se uitgangspunt nog altyd om individuele rolspelers toe te rus.

FEDSAS het as hoofdoelwit gehalte-onderrig in openbare skole. Dit is elke kind se basiese reg. Om hierdie doelwit te verwesenlik, fokus die organisasie se werk op die beskerming en uitbreiding van nóg 'n basiese reg, naamlik 'n ouer of voog se reg om besluite oor sy of haar kind se onderrig te neem. Suid-Afrika het 'n stelsel van openbare skole, met ander woorde skole wat behoort aan die gemeenskappe waarbinne dit geleë is. Hierdie skole word beheer en bestuur deur 'n beheerliggaam wat saamgestel word uit rolspelers uit die onmiddellike skoolgemeenskap en waarvan die meerderheid lede ouers moet wees. Kortom: 'n Skool se beheerliggaam verteenwoordig die ouers van die kinders in daardie skool. Ouers het dus direkte inspraak in die onderrig van hul kinders.

FEDSAS rus hierdie beheerliggaamlede toe sodat hulle in staat is om 'n omgewing te skep waarbinne gehalte-onderrig kan plaasvind. Soos wat dit onderwysers en kinders se plig is om te onderrig en te leer, so is dit die beheerliggaam se taak om die skool so te bestuur dat onderrig en leer kan plaasvind - en net so is dit FEDSAS se missie om die beheerliggaam as onafhanklike, kundige konsultant met raad en daad by te staan. Bewusmaking bly 'n steutelaktiwiteit – hoe beter Suid-Afrikaners, en veral ouers, die konsep van openbare skole en hul rol daarin begryp, hoe beter gaan die skoolstelsel funksioneer.

Hierdie geïntegreerde jaarverslag bied 'n oorsig van FEDSAS se aktiwiteite gedurende 2017 om bogenoemde 'n werklikheid te maak. Die verslag vertel 'n suksesverhaal van groei, verdieping en insig, van nuwe moontlikhede wat ondersoek is en potensiaal wat ontsluit is en terselfdertyd vertel dit ook van uitdagings en vindingryke planne om daardie uitdagings te oorkom.

Erhard EH Wolf:
Nasionale voorsitter

# INLEIDING

## FEDSAS se benadering tot verslagdoening

FEDSAS aanvaar die King IV™-verslag oor Beheer vir Suid-Afrika, 2016, as die brondokument oor dít waaruit goeie beheer bestaan. Tog is daar ook ander rigtinggewende dokumente oor, en vereistes vir, goeie beheer wat vir organisasies sonder winsbejag geld. Dit sluit in die SANGOCO-etiekkode vir Organisasies sonder Winsbejag (1997), die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Kode van Goeie Praktyk vir Suid-Afrikaanse Organisasies sonder Winsbejag (2001) en die Onafhanklike Kode vir die Beheer en Waardes van Organisasies sonder Winsbejag in Suid-Afrika (2012).

Hierdie geïntegreerde jaarverslag gee terugvoering oor, en bied ’n vooruitskouing van, die organisasie se verbintenis tot goeie beheer en hoe dit neerslag vind in sy aktiwiteite. Die doel van die verslag is om aan alle rolspelers, intern en ekstern, ’n oorsig en insig te bied oor die nie-finansiële en finansiële stand van sake in terme van FEDSAS se strategiese doelwitte. Sodoende word rolspelers in staat gestel om die organisasie se prestasie en volhoubaarheid te evalueer. FEDSAS wil met hierdie verslag aan rolspelers wys hoe die organisasie waarde toevoeg tot die Suid-Afrikaanse samelewing.

## Termyn gedek in hierdie verslag

Hierdie geïntegreede jaarverslag bied ŉ oorsig oor FEDSAS se werksaamhede vir 2017, asook die finansiële jaar 2016.

## Afkortings en verklarende terme

- **DMO-kode:** Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se Kode van Goeie Praktyk vir Suid-Afrikaanse Organisasies sonder Winsbejag (2001)
- **FEDSAS:** Die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole
- **Organisasie sonder winsbejag:** ’n Organisasie wat nie ’n winsoogmerk najaag nie, wat insluit ’n organisasie wat opgerig is as ’n maatskappy ingevolge die Maatskappyewet 71 van 2008 (’n maatskappy sonder winsbejag), ’n statutêre liggaam, trust of vrywillige vereniging, ongeag of dit ingevolge die Wet op Organisasies sonder Winsbejag 71 van 1997 as ’n organisasie sonder winsbejag of ingevolge die Wet op Inkomstebelasting 58 van 1962 as ’n openbarevoordeelorganisasie tot stand gebring is
- **SANGOCO-kode:** Die Suid-Afrikaanse Nasionale NRO-koalisie se Etiekkode vir Organisasies sonder Winsbejag (1997)
- **Skolewet:** Die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996
- **Wet op Nasionale Onderwysbeleid:** Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid 27 van 1996
- **Wet op Indiensneming van Opvoeders:** Die Wet op die Indiensneming van Opvoeders 76 van 1998

## Kontakbesonderhede en terugvoering

Terugvoering oor die inhoud en struktuur van hierdie verslag sal FEDSAS in staat stel om sy verslagdoeningspraktyke voortdurend te verbeter.

Nasionale kantoor: 051-522 6903
Webwerf: www.fedsas.org.za



# OORSIG OOR FEDSAS

## Wie is FEDSAS?

FEDSAS is die leier in skoolbeheer- en bestuur. Die organisasie fokus op die ontwikkeling van bekwame skoolbeheerliggame van openbare skole. FEDSAS verskaf inligting, organiseer, mobiliseer en rus ons lede toe om die hoogste onderwysstandaarde in openbare skole te handhaaf en uit te bou. Die organisasie is in 1993 gestig en het oor die afgelope meer as twee dekades gegroei tot een van die mees gerekende rolspelers in Suid-Afrikaanse onderwys.

FEDSAS se **visie** is die behoud en bevordering van gehalte onderwys in openbare skole in die Republiek van Suid-Afrika.

FEDSAS se **missie** is om alles binne sy vermoë te doen om sy lede en hul belangegroepe te verteenwoordig in die vestiging en bevordering van die hoogs moontlike standaard van opvoeding vir al die kinders van ons land, in die algemeen, en om effektiewe skoolbeheer en -bestuur te bevorder ten einde eersgenoemde te bereik, in die besonder.

## Kernwaardes

### Uitmuntendheid

Om kompromisloos gehalte-diens te lewer en om altyd te soek na beter maniere om dinge te doen deur ons verbintenis aan voortdurende verbetering in ons persoonlike en professionele lewe.

### Integriteit

Om eerlik, deursigtig, oop, geloofwaardig en respekvol op al ons verskille in ons interne en eksterne interaksies te bou.

### Passie

Om 'n positiewe verskil te maak deur geesdrif, toewyding, sterkte, intensiteit en om algehele oorgawe na te streef in alles wat ons doen.

### Rentmeesterskap

Om verantwoordelikheid te aanvaar en verantwoordbaar te wees.

### Verhoudinge

Die beste en mees bevredigende plek om te werk – ons is die FEDSAS-familie.

# Waarvoor staan FEDSAS?

FEDSAS glo aan maksimum outonomiteit vir beheerliggame en dus streef ons daarna om die regte en bevoegdhede van beheerliggame uit te brei.

FEDSAS ondersteun en bevorder die magte en regte van skoolbeheerliggame soos omskryf in die Suid-Afrikaanse Skolewet, insluitend taal- en toelatingsbeleid.

FEDSAS ondersteun die beginsel dat beheerliggame 'n belangrike rol speel om geleenthede vir alle leerders te skep om hulle volle potensiaal te bereik.

FEDSAS onderskryf die behoud en bevordering van 'n kultuur van uitnemendheid in opvoeding, onderwys en dienslewering.

FEDSAS is deurentyd besig om gesonde verhoudinge met alle belangegroepe in die onderwys te vestig en uit te bou sodat die beste belange van die leerder uiteindelik gedien kan word.

# Wat doen FEDSAS vir jou?

FEDSAS is die mees verteenwoordigende spreekbuis vir skoolbeheerliggame landwyd. Ons lewer kommentaar op konsepwetgewing en onderwysbeleid, wat beteken ons lede se belange word op 'n hoë vlak verteenwoordig.

FEDSAS is vir langer as 20 jaar al 'n gerekende meningsvormer en rolspeler in openbare onderwys op nasionale en provinsiale vlak.

FEDSAS beskik oor gevestigde nasionale en provinsiale strukture ten einde 'n diens aan al ons lede landwyd te kan lewer.

FEDSAS het reeds verskeie rigtinggewende hofsake gewen en ons het voltydse onderwysregspesialiste om lede by te staan in die uitoefening van hul regte, insluitend gevalle van onregmatige inmenging in die beheer en bestuur van skoolaangeleenthede.


FEDSAS verleen hulp aan beheerliggame oor die hele spektrum van skoolbeheer en -bestuur, onder meer personeelaanstellings, arbeidsverhoudinge, strategiese beplanning en finansiële bestuur.

FEDSAS se webblad is die mees omvattende bron rakende inligting oor skoolbeheer en -bestuur, waaronder beleidsdokumente, handleidings vir beheerliggame en voorbeelde van kontrakte. FEDSAS het ook 'n reeks produkte, waaronder DVD's en boeke.

FEDSAS het grondige ervaring van onderwysaangeleenthede. As 'n aktiewe, dinamiese organisasie is ons op hoogte van veranderinge en herstrukturering op onderwysgebied en ons kan ons lede dienooreenkomstig adviseer.

FEDSAS is 'n demokratiese, nie-politiese organisasie en lede kies jaarliks hul leiers.

# Bedryfstruktuur



## Nasionale Raad

’n Nasionale Raad is verantwoordelik vir die beheer van FEDSAS. Hierdie beginsel beteken dat die Nasionale Raad uiteindelik vir die organisasie en sy werksaamhede verantwoordelik is. Die Nasionale Raad is die struktuur wat oor FEDSAS se welvaart verantwoording sal moet doen. Die Nasionale Raad se beheer sluit die beheer van die geld en ander bates van die organisasie in. Aangesien die Nasionale Raad ander se bates beheer, staan die organisasie sowel as alle individuele lede van die Nasionale Raad in ’n vertrouensverhouding (’n fidusiêre verhouding) teenoor FEDSAS. Ooreenkomstig sy fidusiêre pligte, moet die Nasionale Raad in belang van die organisasie handel. Benewens fidusiêre pligte, is lede van die Nasionale Raad ook verplig om behoorlike sorg, vaardigheid en toewyding aan die dag te lê. Hulle het ook statutêre pligte wat deur verskillende wette (insluitend die gemenereg), die oprigtingsdokumente van die organisasie (die grondwet van FEDSAS) en enige ooreenkomste wat die organisasie kan aangaan (soos die aanstellingsbriewe of dienskontrakte van lede van die Nasionale Raad) aan hul opgelê word. Lede van die Nasionale Raad behoort hul pligte te verstaan om moontlike persoonlike aanspreeklikheid weens pligsversuim te voorkom. Lede van die Nasionale Raad ontvang geen vergoeding in ruil vir hul diens nie. Tog kan pligsversuim steeds tot verantwoordbaarheid en persoonlike aanspreeklikheid lei.

## Komitees

| | |
|---|---|
| Uitvoerende komitee | Die uitvoerende komitee is verantwoordelik vir die uitvoering van FEDSAS se strategie en sakeplanne. Dit funksioneer onder voorsitterskap van die uitvoerende hoof en bestaan uit al die senior personeel van die organisasie. |
| Vergoedingskomitee | Die vergoedingskomitee vorm deel van die beheerstrukture van die nasionale raad van FEDSAS en adviseer die nasionale raad oor alle aangeleenthede rakende menslike hulpbronne en vergoeding van personeel. Die voorsitter en lede van die komitee word deur die nasionale raad aangestel. |
| Ouditkomitee | Die ouditkomitee is verantwoordelik vir die toesig oor FEDSAS se finansies, risiko en voldoeningsvereistes. Dit is deel van die beheerstrukture van die nasionale raad en die voorsitter en lede word deur die nasionale raad aangestel. |
| Strategiekomitee | Die strategiekomitee is ŉ staande komitee van die nasionale raad bestaande uit die voorsitter, ondervoorsitter, uitvoerende hoof en adjunkhoof en adviseer die nasionale raad oor strategiese kwessies. |

## Nasionale voetspoor:

### Verspreiding van lede / kontakbesonderhede

**536** lede
Wes-Kaap
Skakel 078 894 9552

**126** lede
Noord-Kaap
Skakel 078 451 8120

**166** lede
Noordwes
Skakel 081 011 4988

**346** lede
Vrystaat
Skakel 078 800 0335

**223** lede
Oos-Kaap
Skakel 078 451 8107

**293** lede
Gauteng
Skakel 078 451 8089

**81** lede
Limpopo
Skakel 078 451 8116

**154** lede
Mpumalanga
Skakel 078 451 8019

**147** lede
KwaZulu-Natal
Skakel 081 011 4993



**Besoek die FEDSAS-webtuiste by www.fedsas.org.za vir inligting oor provinsiale rade en FEDSAS se personeel in elke provinsie.**

FEDSAS

# FOKUSAREAS EN STRATEGIESE DOELWITTE

FEDSAS se organisatoriese en operasionele aktiwiteite vind neerslag in die volgende fokusareas:

## Fokusarea: Opleiding

FEDSAS se primêre fokus is die toerus van skoolbeheerliggame. Dit sluit interne opleiding van personeel en lidskole in, asook die beskikbaarstelling van opleidingsgeleenthede vir die breër skoolgemeenskap.

### Spesifieke strategiese doelwitte vir 2017 rondom opleiding:

#### FEDSAS Instituut vir Skoolbeheer

**Aksies onderneem:**

- Hersiening van prestige-publikasie *Beheer in openbare skole – 'n Handleiding oor die toepassing van die King-beginsels in openbare skole*
- Toets en implementering van twee instrumente om beheerliggame by te staan (Ná-vergaderings-opname en SBL-jaarlikse prestasie-evaluering)
- Uitstuur van 'n reeks beheer-en-bestuur-communiqués om beheerliggame by te staan met bepaling van beste praktyk

#### Personeelopleiding

**Aksies onderneem:**

- Personeelberaad vir administratiewe personeel
- Personeelberaad vir provinsiale bestuurders

#### Spesifieke opleiding vir skoolbeheerliggame

**Aksies onderneem**

- Ontwikkeling en opleiding wat fokus op aankope en voorkeurverkryging, finansies, dissipline, aanstellings en toelatings.
- Induksie van nuwe beheerliggaamlede: 28 sessies, 454 deelnemers van 56 skole
- Voortgesette en gevorderde opleiding: 121 sessies, 1870 deelnemers van 274 skole
- Waardegedrewe Skole-program: 15 sessies, 792 deelnemers van 93 skole
- Bykomende opleiding: 1888 sessies, 5070 deelnemers van 2062 skole
- Vergaderings: brandpunt-kwessies: 139 sessies, 4948 deelnemers van 1089 skole
- HeyLei-seminare vir leerders: 17 sessies, 1248 deelnemers van 248 skole
- Opleiding aan skoolleiers in Wes-Kaap: 6 sessies, 508 leerders, 199 skole

# Fokusarea: Bewusmaking

Bewusmaking fokus onder meer op die werksaamhede van FEDSAS, bewusmaking van die magte en regte van skoolbeheerliggame soos omskryf in die Skolewet, asook bewusmaking rondom bepaalde projekte gedurende spesifieke periodes.

## Spesifieke strategiese doelwitte vir 2017 rondom bewusmaking:

### Doelgerigte bewusmaking rondom die opskerpsessies vir die Waardegedrewe Skole-projek

**Aksies onderneem:**

- ’n Skakel op die webblad met al die inligting rondom die landwye sessies;
- Uitreik van mediaverklarings;
- Nuwe e-pos-handtekeninge vir alle personeel;
- Elektroniese advertensies;
- Gebruik van sosiale media en spesiale nuusbriewe.

### Bewusmaking rondom Wêreldonderwysersdag

**Aksies onderneem:**

- ’n Skakel op die webblad met al die inligting rondom Wêreldonderwysersdag;
- Uitreik van mediaverklaring;
- Elektroniese advertensies;
- Gebruik van sosiale media;
- FEDSAS-nasionale kantoor besoek Lettie Fouché-skool in Bloemfontein.

### Groei van FEDSAS se sosiale media-voetspoor


**Aksies onderneem:**

- Bring sosiale media-skakels sover moontlik op alle kommunikasie (intern en ekstern) aan om gebruikers na sosiale media toe te stuur en sodoende gebruikersfrekwensie te verhoog
- Gebruik Facebook, Twitter en Instagram om inligting te versprei en ook om terugvoering te verkry
- Skep van Whatsapp-groepe om interne kommunikasie en inligtingsverspreiding te verbeter
- 434 547 *direct views* oor verskeie digitale media-platforms vir driemaande-periode (Aug – Okt 2017)

### Algemene bewusmaking: tradisionele media

**Aksies onderneem:**

- Uitstuur van mediaverklarings oor ’n verskeidenheid onderwerpe, sommige gefokus op FEDSAS-aktiwiteite en ander as meningsvormer
- 13 mediaverklarings vir die tydperk 1 Januarie 2017 tot 31 Oktober 2017
- Mediaverklaring-trefslag-ratio: 1:2.46 (gemiddeld twee artikels vir elke mediaverklaring)




### Algemene bewusmaking: webtuiste

**Aksies onderneem:**

- Verhoog verkeer na webtuiste (**www.fedsas.org.za**) vir periode 1 Januarie 2017 tot 31 Oktober 2017
- 51 697 besoeke aan webtuiste
- 23 287 unieke besoekers (58% vorige besoekers, 42% nuwe besoekers)
- gemiddelde besoektyd van 4:56 minute

## Fokusarea: Navorsing

FEDSAS se toegewyde span onderwysreg-spesialiste doen voortdurend navorsing oor beleidsontwikkeling, konsepwetgewing en ander aspekte van wetgewing wat skoolbeheerliggame raak.

### Spesifieke strategiese doelwitte vir 2017 rondom navorsing:

**Aksies onderneem:**

- Vertaling van *'n Praktiese handleiding oor skoolbeheer* in isiXhosa, isiZoeloe, Sesotho, Setswana en Engels
- Deurlopende navorsing vir spesifieke regsaksies en hofsake waarby FEDSAS namens sy lede betrokke is
- Ontwikkeling en hersiening van beleidsdokumente
- Publikasies deur FEDSAS-personeel:
  - Deacon, J., Colditz, P., Van Rooyen, J., Mellet, S., Van der Merwe, J., Swemmer, D. & Van der Bergh, R. 2017. *Financial management in public schools: A practical guide to legislative compliance*. Kaapstad: Juta.


# Handleiding oor goeie beheer- en bestuursbeginsels

Sedert die publikasie van *Beheer in openbare skole – 'n Handleiding oor die toepassing van die King-beginsels in openbare skole* in 2016, is die King IV-verslag op 1 November 2016 bekend gestel. FEDSAS het hierdie projek dus verder uitgebrei deur die beginsels en praktyke wat in die King IV-verslag vervat is, in die handleiding te inkorporeer. Die publikasie is 'n handleiding wat die King-beginsels vir goeie korporatiewe beheer vir openbare skole toeganklik maak. Dit is gebaseer op die King-komitee se beginsels waarop goeie korporatiewe bestuur en etiese leierskap berus. Dit word ontwikkel en gepubliseer deur en behoort aan die Institute of Directors of Southern Africa (IoDSA). FEDSAS het die IoDSA genader om saam te werk aan die publikasie van só 'n gids vir skole en die uitvoerende hoof van die FEDSAS Instituut vir Skoolbeheer, dr. Derek Swemmer, was aan die stuur van dié projek om 'n verstaanbare en praktiese handleiding gebaseer op die King-beginsels vir lede van skoolbeheerliggame saam te stel. Die projek geniet ook die steun van die Departement van Basiese Onderwys. Die handleiding stel skoolbeheerliggame in staat om nie net te voldoen aan die bepalings van die Skolewet nie, maar ook aan die King-beginsels. Dit skep die geleentheid vir goeie skole om uitstekende skole te word. Die handleiding is deel van FEDSAS se verbintenis tot positiewe burgerskap.



## FEDSAS-kundigheid oor finansiële bestuur by skole nou in boek saamgevat

Finansies bly een van openbare skole in Suid-Afrika se grootste uitdagings en finansiële bestuur vorm steeds een van die komponente waaroor beheerliggame die meeste by FEDSAS om raad aanklop. Hierdie kundigheid is nou vervat in die nuutste publikasie waarby FEDSAS-personeel betrokke is. Dié boek, *Financial Management in Public Schools: A practical guide to legislative compliance*, is in September 2017 tydens die Internasionale Onderwysregkonferensie bekend gestel.




"Alle skole, ongeag die omgewing, het unieke finansiële uitdagings. Die unieke bestuursmodel van openbare skole soos bepaal deur die Skolewet vereis dat beheerliggame 'n fyn balans moet kan handhaaf in terme van die bestuur van 'n skool se finansies," sê dr. Jaco Deacon, adjunkhoof van FEDSAS en redakteur van die boek. Ander FEDSAS-kundiges wat bydraes gelewer het, is die uitvoerende hoof, mnr. Paul Colditz, dr. Jean van Rooyen, FEDSAS-bestuurder in Gauteng, me. Suzaan Mellet, FEDSAS se Bestuurder: Ondersteuningsdienste, me. Juané van der Merwe, regsbeampte, dr. Derek Swemmer, uitvoerende hoof van die FEDSAS Instituut vir Skoolbeheer, en mnr. Riaan van der Bergh, FEDSAS se Bestuurder: Onderwystegnologie.

Deacon sê die doel van die boek is om 'n oorsig te bied van die belangrikste wetgewing wat skoolfinansies raak. "Die boek verduidelik die praktiese implikasies en is onontbeerlik vir lede van skoolbeheerliggame, skoolhoofde en skole se finansiële beamptes. Die boek is geskryf deur kenners op die gebied van skoolbestuur en finansies en kan dus ook breër aangewend word deur regspraktisyns, rekenmeesters en ouditeurs wat skole in 'n raadgewende hoedanigheid dien." Die inhoud dek onder meer aspekte soos die rolspelers in finansiële bestuur, finansiële verslagdoening, begrotings, die bepaling en bestuur van skoolfonds, risiko-bestuur en tegnologie. *Financial Management in Public Schools: A practical guide to legislative compliance* word uitgegee deur Juta Law.

# Nuwe en hersiene beleidsdokumente: 2017

Die volgende regsmenings en beleidsdokumente is gedurende 2017 deur FEDSAS se regsspan ontwikkel of hersien. Dit is beskikbaar by www.fedsas.org.za

## Nuwe regsmenings

- Rekwisisievorm
- Verslag van die voorsitter van die skoolbeheerliggaam vir die jaar
- Verslag van finansieskomitee vir die jaar
- Riglyne vir risikobestuursbeplanning
- Magtigings van betalings per tjek of elektroniese oorbetalings
- Implikasies van die Noordwes-koshuis-uitspraak
- Die rol en verpligtinge van die voorsitter van die skoolbeheerliggaam
- Die rol en verpligtinge van die tesourier, finansiële beampte en rekenpligte beampte van die skoolbeheerliggaam
- Die rol en verpligtinge van die sekretaris van die skoolbeheerliggaam
- Die regte en verpligtinge van partye by die versoek om 'n skool se taalbeleid te wysig in Gauteng
- Implikasies van die godsdienshofsaak vir skoolbeheerliggame
- Riglyne vir die praktiese implikasies van die godsdienshofsaak vir skoolbeheerliggame
- Aspekte met betrekking tot die skorsing en/of uitsetting van leerders in openbare skole
- Nasionale kwintiele vir openbare skoolbefondsing
- Sosiale media-handleiding

## Regsmenings hersien

- Die voorsiening van opvoeding aan buitelandse leerders
- Rente op agterstallige skoolgeld
- Die vasstelling, vrystelling en invordering van skoolgeld
- Voorkeurverkryging deur skole en die Wet op Mededinging: Riglyne vir openbare skole

## Nuwe beleide

- Beleid oor geslotekringtelevisie
- Beleid oor die ouditkomitee en interne oudit
- Voertuig- en vervoerbeleid

## Beleide hersien

- Toelatingsbeleid (hersien)
- Toelatingsbeleid vir Gauteng-skole (hersien)
- Godsdiensbeleid (hersien)
- Gedragskode vir leerders (hersien)

# Fokusarea: Groei Ledetal

FEDSAS se ledetal op 31 Oktober 2017 staan op 2070 skoolbeheerliggame van openbare skole. Daar is egter byna 24 000 openbare skole in Suid-Afrika en die groei van FEDSAS se ledetal bly dus 'n primêre doelwit.

## Spesifieke strategiese doelwitte vir 2017 rondom groei van ledetal:

### Aksies onderneem:

- 42 nuwe lede

# Fokusarea: Fondswerwing en Verhoudingsbestuur

FEDSAS is 'n organisasie sonder winsbejag en is dus, benewens die fooie van lede, van eksterne bronne vir inkomste afhanklik.

## Spesifieke strategiese doelwitte vir 2017 rondom fondswerwing en verhoudingsbestuur:

### Aksies onderneem:

- Sluit van strategiese vennootskappe
- Deurlopende vergaderings en formele en informele ontmoetings met onderwysrolspelers, insluitend politieke leierskap, ten einde FEDSAS se rol as meningsvormer gestand te doen en om gesonde, proaktiewe verhoudings met rolspelers te bou.
- FEDSAS tree op as ondersteunende vennoot en uitstaller en FEDSAS-personeel tree op as sprekers by 2017 Edutec.
- FEDSAS tree op as ondersteunende vennoot en uitstaller op by die eerste Eduweek Wes-Kaap (223 skole).
- FEDSAS tree op as ondersteunende vennoot en uitstaller en FEDSAS-personeel tree op as sprekers by 2017 SABC EduWeek (4000 besoekers, 161 uitstallers, 90 sprekers, meer as 7400 netwerkgeleenthede).
- Bywoning van Vrystaat-onderwysdepartement se e-leer-beraad
- Bywoning van SA-Ithute Teacher ICT-beraad

# Fokusarea: Goeie Korporatiewe Bestuur

FEDSAS is verbind tot goeie korporatiewe bestuur en die daarstel van strukture wat die beste moontlike omgewing skep vir die uitvoer van die organisasie se take.

## Spesifieke strategiese doelwitte vir 2017 rondom goeie korporatiewe bestuur:

### Aksies onderneem:

Implementering van beginsels van King IV™ -verslag oor goeie korporatiewe bestuur en beheer vir Suid-Afrika, 2016, as brondokument vir goeie korporatiewe bestuur

# DOELWITTE VIR 2018

Hierdie afdeling bied 'n kort oorsig oor enkele spesiale projekte wat vir 2018 beplan word.

## Projek: Skoolbeheerliggaamverkiesing 2018

### Agtergrond

Beheerliggame word ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse Skolewet elke drie jaar verkies. Dit is die derde grootste nasionale verkiesing in Suid-Afrika, met bykans 300 000 beheerliggaamlede wat verkies word. Die volgende verkiesing is gedurende Maart 2018. Ouers het die reg om besluite oor hul kinders se onderrig te neem en die Suid-Afrikaanse Skolewet gee hieraan gestalte deur middel van skoolbeheerliggame. Die afgelope vier verkiesings is egter gekenmerk deur swak stempersentasies en swak bywoning van vergaderings.

Die projek het ten doel om ouers betrokke te kry by die onderrig van hul kinders deur aktief deel te neem aan die beheerliggaamverkiesing. Bewusmaking is die kern-element van die projek, maar uit die aard van die projek raak dit al FEDSAS se fokusareas. Die reklameveldtog om ouers en gemeenskappe bewus te maak van die belangrikheid van die beheerliggaamverkiesing sal sover moontlik op skoolvlak hanteer word en skole sal reklamemateriaal van FEDSAS ontvang. FEDSAS sal ook die burgerlike gemeenskap betrek om lede aan te moedig om te staan as kandidate en aktief aan die verkiesing deel te neem.

### Spesifieke doelwitte

- Om 'n reeks gesprekke op te neem oor die werksaamhede van beheerliggame vir elektroniese en sosiale media.
- Om inligting- en promosiepakkette aan skole beskikbaar te stel om binne skoolgemeenskappe te gebruik.
- Om die burgerlike gemeenskap te mobiliseer om ouers aan te moedig om betrokke te wees en as kandidate in die verkiesing te staan.
- Om 'n reuse-veldtog in tradisionele en op sosiale media te loods in aanloop tot die verkiesing ten einde gemeenskappe te mobiliseer om eienaarskap van openbare skole te neem.
- Om gedurende die tweede skoolkwartaal 170 opleidingsgeleenthede regoor Suid-Afrika aan te bied vir nuwe beheerliggaamlede.

## Projek: Navorsing oor Skoolomgewing en Welstand van Skoolhoofde

### Agtergrond

Hierdie projek behels navorsing oor die skoolomgewing en die welstand van skoolhoofde. Die omgewingsontleding het ten doel om FEDSAS in staat te stel om sy lidskole se belange beter te verstaan en te bevorder en dek 'n wye verskeidenheid onderwerpe. Die eerste omvattende omgewingsanalise is in 2009 gedoen en in 2014 opgevolg. Finansiële inligting stel FEDSAS byvoorbeeld in staat om met werklike syfers met die staat te onderhandel en 'n begrotingsgids vir skole saam te stel. Dit help FEDSAS ook om neigings te identifiseer en proaktief op te tree.

In 2006 is ’n informele studie in die Wes-Kaap gedoen oor die welstand van skoolhoofde. Die navorsing het aangedui dat die meeste skoolhoofde onder geweldige druk werk. FEDSAS wil hierdie studie in 2018 nasionaal uitbrei aangesien die profiel van skoolhoofde asook die skoolomgewing baie verander het.

## Spesifieke doelwitte

Om ’n nasionale omgewingsanalise-verslag op te stel gebaseer op 2018-data en 2017 se geouditeerde finansiële state van skole.

Om ’n verslag vir beheerliggame oor die welstand van skoolhoofde op te stel en ’n plan van aksie aan die hand van behoeftes op te stel.



# VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE HOOF

Hierdie jaar in FEDSAS se geskiedenis is gekenmerk deur volgehoue groei, maar ook enkele groot gebeurtenisse. Dit is my voorreg om oorsigtelik dog so eerlik en volledig moontlik verslag te doen aan die hand van die ses kapitale insette in die King IV™ -verslag. Die inligting in hierdie verslag van die uitvoerende hoof moet gelees word saam met die inligting in die res van die geïntegreerde verslag om sodoende 'n geheelbeeld te kry van wat gedoen is, wat bereik is en watter realistiese vooruitsigte vir volhoubaarheid bestaan.

## Finansiële kapitaal

Die ideaal wat deel vorm van FEDSAS se volhoubaarheidstrategie is om elke jaar met 'n oorskot af te sluit ten einde 'n reserwefonds op te bou wat volhoubaarheid in tye van krisis kan verseker. Realistiese projeksies vir 2017 dui daarop dat die ideale verlangde oorskot dalk nie bereik gaan word vir hierdie jaar nie en daarom moes uitgawes streng beheer word sonder om dienslewering in die wiele te ry.

## Vervaardigde kapitaal

FEDSAS is in die bevoorregte posisie dat ons veel met min fisiese hulpbronne kan vermag. Tegnologie maak dit moontlik dat FEDSAS-personeel teen relatief lae koste tot beskikking van ons lede en belanghebbendes is. Vervoer om by ons lede en by verskillende geleenthede waar ons teenwoordigheid vereis word, uit te kom, is ons grootste enkele uitgawe aan fisiese hulpbronne. Daardie uitgawe is egter steeds ruim binne die norm wat algemeen vir nie-winsgewende diensorganisasies aanvaar word. Koste ten aansien van kantoorhuisvesting kan tot die minimum beperk word deur gebruik te maak van virtuele kantore, maar as gevolg van die groei en uitbreiding wat FEDSAS beleef, is ons reeds genoodsaak om te beplan vir alternatiewe kantoorhuisvesting van die nasionale kantoor. Uiteraard sal die koste daarvan deeglik oorweeg word alvorens planne in hierdie verband gefinaliseer word.

## Intellektuele kapitaal

Etiese waardes is die grondslag waarop al FEDSAS se stelsels, prosedures en protokolle gebou is. Daarby het die nasionale raad ook baie kort ná die bekendstelling van die King IV™ -verslag besluit dat die aanbevole beginsels en praktyke van daardie verslag neerslag sal vind in die wyse waarop FEDSAS beheer en bestuur sal word. Ons is ook besig om die King IV™ -verslag toeganklik te maak vir al ons lede. Dit is 'n omvattende taak wat deur FEDSAS se Instituut vir Skoolbeheer, -bestuur en leierskap onderneem word.

Die benutting en ontwikkeling van intellektuele kapitaal is ook die kernsaak van FEDSAS se afdeling vir ondersteuningsdienste. Navorsing en advies oor die geweldige omvang van skoolbeheerliggame se verantwoordelikheid verg dat tydige, akkurate en eties-volhoubare leiding en hulp aan ons lede beskikbaar moet wees.

## Mensekapitaal

Die groei in FEDSAS word weerspieël in die groei in die personeelkorps. Die totale getal personeel staan nou op 46, met een pos wat tans vakant is. Soos dit met diensorganisasies van hierdie aard gesteld is, is personeelkoste FEDSAS se grootste enkele begrotingsuitgawe. Dit is egter sonder twyfel ook FEDSAS se belangrikste hulpbron en daarom word ook ruim voorsiening gemaak vir die voortdurende opleiding en

toerusting van ons personeel. Die bron van ervaring, kennis en vaardighede waaroor ons personeel beskik, is eenvoudig nie vergelykbaar in die Suid-Afrikaanse onderwyskonteks nie. Tekenend van die uitsonderlike prestasie van FEDSAS se personeel is die besluit van die World Education Congress om aan dr. Jaco Deacon, FEDSAS se adjunkhoof, die hoogste toekenning, dié van globale leierskap in onderwys, toe te ken.

## Sosiale en verhoudingekapitaal

Een van FEDSAS se belangrikste doelstellings is om die onderwyslandskap positief te beïnvloed. Om hierdie rede is die bou van verhoudinge nie net met ons eie lede nie, maar met onderwysrolspelers en -belanghebbendes op alle vlakke ŉ hoë prioriteit in FEDSAS se werksaamhede. Die betrokkenheid van al ons personeel op vele vlakke van die onderwys in al nege die provinsies en op nasionale vlak is buitengewoon. Die teenwoordigheid van FEDSAS se handelsmerk in skoolonderwys is onmiskenbaar.

FEDSAS se skakeling en interaksie met die Departement van Basiese Onderwys bly uitstekend en geskied op gereelde grondslag. Dit bly egter ŉ frustrasie dat konkrete resultate nie altyd dadelik sigbaar is nie of baie lank neem om te manifesteer. Die sukses van hierdie pogings hang tot ŉ baie groot mate af van die funksionaliteit van die provinsiale onderwysdepartement self. FEDSAS se betrokkenheid van byna 25 jaar in skoolonderwys in Suid-Afrika het egter geleer dat volharding en geesdrif uiteindelik resultate tot gevolg het.

## Natuurlike kapitaal

Die aard van FEDSAS se werk en bedrywighede is sodanig dat baie min staatgemaak word op natuurlike hulpbronne. Die behoorlike benutting van hernubare bronne en beskerming van natuurlike hulpbronne vorm egter deel van alle fasette van toekomsbeplanning.

## Ledetal

Soos aangedui, het FEDSAS se ledetal tot 2 070 gegroei. Dubbelsyfer-groei is in ses van die nege provinsies behaal. Ledegeld is FEDSAS se ekonomiese enjin wat ons nodig het vir volgehoue dienslewering en volhoubaarheid. Die swak ekonomiese toestand waarin die land verkeer affekteer natuurlik ons lede ook en dus is ons tegemoetkomend teenoor daardie lede wat die slegste deur ekonomiese insinking geraak word. Die verslag oor ons ledetal elders in hierdie geïntegreerde verslag toon FEDSAS se voetspoor oor die hele Suid-Afrika.

## Nasionale en provinsiale aktiwiteite

Ek vertrou dat hierdie verslag aan die leser daarvan ŉ beeld sal verskaf van die omvang van FEDSAS se aktiwiteite en dienste aan en namens lede gedurende hierdie jaar. Daardie beeld is egter maar ŉ baie klein weerspieëling van die werklike toedrag van sake. Deur maandelikse verslagdoening deur alle personeel oor alle aktiwiteite van daardie maand, kry die bestuur van FEDSAS gereelde terugvoer oor wat op grondvlak gedoen word. Dit skep elke maand ŉ verstommende prentjie van toewyding en harde werk op elke denkbare vlak waarby ŉ beheerliggaamorganisasie landwyd betrokke is en kan raak.

## Volhoubaarheid en die pad vorentoe

Die pad vorentoe vir FEDSAS is belowend, maar uitdagend. Een van die uitdagings waaraan die organisasie reeds hard werk, is die diversifisering van lede en personeel om ŉ breër rol in verbetering van skoolbeheer en -bestuur deur die hele Suid-Afrika te kan speel. Verskeie aanstellings wat die afgelope tyd gemaak is, plaas FEDSAS op die regte pad om toenemend in die toekoms ŉ betekenisvolle impak te maak. Die nood in onderpresterende skole is groot en as FEDSAS werklik ŉ betekenisvolle impak in onderwys wil maak, sal die organisasie toenemend moet uitreik en daar ŉ verskil maak. Die belowende gedeelte van die toekoms

lê daarin dat FEDSAS nou 'n goed-gevestigde organisasie met 'n sterk steunbasis is wat 'n sterk netwerk van vennote en belangegroepe het.

Aan die begin van hierdie verslag is verwys na groot gebeurtenisse. Dit is gebeurtenisse wat 'n sterk invloed op FEDSAS en sy rol en werksaamhede het. Een daarvan was die hofsaak wat teen ses van ons lidskole aanhangig gemaak is aangaande die godsdienstige etos van daardie skole en godsdiensbeoefening wat in daardie skole plaasvind. Die uiteinde van daardie saak was 'n oorwinning vir vryheid van godsdiens op skoolvlak.

Die ander groot gebeurtenis wat 'n wesenlike impak op skoolonderwys in Suid-Afrika kan hê, is die beoogde Wysigingswetsontwerp op Onderwyswetgewing wat by die skryf van hierdie verslag vir openbare kommentaar gepubliseer is. FEDSAS sal namens sy lede omvattende kommentaar lewer op die voorstelle wat in daardie wysigingswetsontwerp vervat is. Sommige van die voorstelle kan baie negatiewe gevolge vir beheerliggame van openbare skole inhou. Dit sal uiteraard ook negatiewe gevolge vir die skole self inhou, want die geskiedenis en gepubliseerde navorsing bewys dat daar 'n direkte korrelasie tussen goeie beheer en bestuur deur beheerliggame en die sukses van skole bestaan. Groter staatsbeheer en mag in skole is nie die antwoord nie. Dit beklemtoon die belangrikheid van 'n waghond soos FEDSAS oor redelikheid, grondwetlike waardes en regmatigheid.

Ons bly vasbeslote om die draer van hoop en vervulde verwagtinge vir skoolonderwys in Suid-Afrika te wees.

Paul Colditz:
Uitvoerende hoof

# OORSIG: FINANSIËLE STATE

## Algemene Inligting

### Tydperk

Hierdie afdeling bevat 'n kort oorsig oor die finansiële posisie van FEDSAS vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2016.

### Bestuur se verantwoordelikheid en goedkeuring

Hierdie finansiële state is ooreenkomstig die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings en die South African Statements of Generally Accepted Practice opgestel en is gegrond op toepaslike rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas is en deur redelike en verstandige oordeel en ramings ondersteun is. Op grond van inligting en verduidelikings wat deur die bestuur van FEDSAS verskaf is, is die Raad van mening dat die interne beheerstelsels redelike sekerheid bied dat daar vir die opstel van die finansiële state op die finansiële rekords gesteun kan word. Enige interne stelsels vir finansiële beheer kan egter slegs redelike, en nie absolute versekering nie, teen enige wesenlike wanverklaring of verlies bied. FEDSAS se bestuur het die organisasie se kontantvloeivoorspelling vir die jaar tot 31 Desember 2016 nagesien en is in die lig van die nasiening en die huidige finansiële posisie oortuig dat die beheerliggaam toereikend middele het of toegang tot toereikende middele het om sy bedrywighede vir die voorsienbare toekoms voort te sit.

## Ouditeure

Gert Jordaan Incorporated
Geoktrooieerde Rekenmeester (SA)

Geregistreerde lid van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters (nr. 20027133)

# Onafhanklike ouditeursverslag

Gert Jordaan Inc.
Reg: 2014/047/257/21
Practice nr: 953656
3 Jan Marx Street
Langenhovenpark
Bloemfontein
9301

**VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR**

**Aan die lede van FEDSAS**

**Opinie**

Ons het die finansiële state van FEDSAS, soos uiteengesit op bladsye 6 tot 12, geoudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die staat van finansiële posisie soos op 31 Desember 2016, en die staat van omvattende inkomste, staat van verandering in ekwiteit en die staat van kontantvloeie vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en die aantekeninge tot die finansiële state, insluitende 'n opsomming van beduidende rekenkundige beleid.

Na ons mening is die meegaande finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike voorstelling van die finansiële posisie van FEDSAS soos op 31 Desember 2016, en van sy finansiële prestasie en kontantvloeie vir die jaar wat op daardie datum geëndig het, ooreenkomstig die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings.

**Basis vir Opinie**

Ons het ons oudit ooreenkomstig Internasionale Ouditstandaarde (ISAs). Ons verantwoordelikhede onder die standaarde word verder beskryf in die verantwoordelikhede van die ouditeur vir die oudit van die finansiële state seksie van hierdie verslag. Ons is onafhanklik van FEDSAS in ooreenstemming met die etiese vereistes wat op ons oudit van die finansiële state in Suid-Afrika van toepassing is, en ons het ons ander verantwoordelikhede in ooreenstemming met die vereistes voldoen. Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons mening bied.

**Verantwoordelikhede van Bestuur en Diegene wat verantwoordelik is vir korporatiewe beheer ten opsigte van die Finansiële state**

Bestuur is verantwoordelik vir die opstel van die finansiële state in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings en vir sodanige interne beheer wat die bestuur as nodig ag om hulle in staat te stel om finansiële state op te stel wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy as gevolg van bedrog of foute.

In die voorbereiding van die finansiële state, is die bestuur verantwoordelik vir die beoordeling van FEDSAS se vermoë om voort te gaan as 'n lopende saak, bekendmaking, soos van toepassing, van sake wat verband hou met lopende saak en die gebruik van die lopendesaak-grondslag as rekeningkundige basis, tensy bestuur óf van voorneme is om die entieit te likwideer of bedrywighede te staak, of het geen realistiese alternatief is as om dit te doen nie.

Diegene verantwoordelik vir korporatiewe beheer is verantwoordelik vir die oorsig oor die finansiële verslagdoeningsproses van FEDSAS.

**Verantwoordelikhede van die Ouditeur vir die oudit van die finansiële state**

Ons doelwit is om redelike gerusstelling te verkry of die finansële state as 'n geheel vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, en om 'n ouditeursverslag uit te reik wat ons mening bevat. Redelike voorstelling is 'n hoë vlak van gerusstelling, maar is nie 'n waarborg dat 'n oudit wat ooreenkomstig die Internasionale Ouditstandaarde (ISAs) uitgevoer is altyd 'n wesenlike wanvoorstelling sal opspoor indien dit bestaan nie. Wanvoorstellings kan ontstaan as gevolg van bedrog of foute, en word individueel of gesamentlik wesenlik geag indien dit redelikerwys verwag kan word dat sodanige wanvoorstellings die ekonomiese besluite van gebruikers, wat op grond van hierdie finansiële state geneem word, sal beinvloed.

**Gert Jordaan CA(SA)**

**Gert Jordaan Ingelyf**
3 Jan Marx Straat
Langenhovenpark
Bloemfontein
9301

Finansiële State en Oorsig




# Fedsas

Finansiële state
vir die jaar geëindig 31 Desember 2016

Hierdie finansiële state is voorberei deur:
Niël Pienaar & Medewerkers

Gert Jordaan Ingelyf
Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.)

# Algemene inligting

| | |
|---|---|
| **Land van inkorporasie en domisilie** | Suid-Afrika |
| **Aard van besigheid en hoofaktiwiteite** | Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole |
| **Geregistreerde kantoor** | Tennantsingel 7<br>Fichardtpark<br>Bloemfontein<br>9301 |
| **Besigheidsadres** | Tennantsingel 7<br>Fichardtpark<br>Bloemfontein<br>9301 |
| **Posadres** | Du Plooysingel 90<br>Fichardtpark<br>Fichardtpark<br>Bloemfontein |
| **Bankiers** | Absa Bank Beperk |
| **Ouditeure** | Gert Jordaan Ingelyf<br>Geoktrooieerde Rekenmeesters (S.A.) |
| **Gepubliseer** | 10 Maart 2017 |

# Indeks

Die verslae en state soos vervat in die dokument verteenwoordig die finansiële state wat aan die trustee voorgelê is:

| **Inhoud** | **Bladsy** |
|---|---|
| Bestuur se verantwoordelikhede en -goedkeuring | 3 |
| Bestuur se verslag | 5 |
| Staat van Finansiële Posisie | 6 |
| Staat van Omvattende Inkomste | 7 |
| Staat van Veranderings in Ekwiteit | 8 |
| Staat van Kontantvloei | 9 |
| Rekeningkundige Beleid | 10 |
| Aantekeninge tot die Finansiële State | 11 - 12 |
| Die volgende aanvullende inligting is nie deel van die finansiële state nie en is ongeouditeer: | |
| Volledige Inkomstestaat | 13 |

**Gepubliseer**

10 Maart 2017

# Bestuur se verantwoordelikhede en -goedkeuring

Daar word van die bestuur vereis om toereikende rekeningkundige rekords te handhaaf en die bestuur is verantwoordelik vir die inhoud en integriteit van die finansiële state en verwante finansiële inligting wat by die verslag ingesluit is. Dit is hul verantwoordelikheid om te verseker dat die finansiële state 'n redelike weergawe is van die stand van sake van die organisasie soos op die einde van die finansiële jaar en die resultate van sy bedrywighede en kontantvloei vir die tydperk wat op daardie datum geëindig het, in ooreenstemming met die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings. Die eksterne ouditeure is aangestel om 'n onafhanklike mening oor die finansiële state uit te spreek.

Die finansiële state is ooreenkomstig die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings opgestel en is gebaseer op toepaslike rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas is en wat deur redelike en verstandige oordeel en ramings ondersteun word.

Die bestuur erken dat hulle uiteindelik verantwoordelik is vir die stelsels van interne finansiële beheer wat deur die organisasie ingestel is en plaas aansienlike klem op die handhawing van 'n streng beheeromgewing. Die hulle stel standaarde vir interne beheer wat daarop gemik is om die risiko van foute of verlies op 'n koste-effektiewe wyse te verminder, om die bestuur in staat te stel om hierdie verantwoordelikhede na te kom. Die standaarde sluit in die behoorlike delegasie van verantwoordelikhede binne ’n duidelik gedefinieerde raamwerk, effektiewe rekeningkundige prosedures en toereikende skeiding van pligte om ’n aanvaarbare risikovlak te verseker. Hierdie beheermaatreëls word regdeur die organisasie gemonitor en alle werknemers word verplig om die hoogste etiese standaarde te handhaaf om te verseker dat die organisasie se besigheid uitgevoer word op ’n wyse wat in alle redelike omstandighede bo verdenking is. Die organisasie se fokus op risikobestuur is gerig op die identifisering, evaluering, bestuur en monitering van alle bekende risiko’s in die organisasie. Hoewel die bedryfsrisiko nie heeltemal uitgeskakel kan word nie, poog die organisasie om dit tot 'n minimum te beperk deur te verseker dat die toepaslike infrastruktuur, kontroles, stelsels en etiese gedrag binne voorafbepaalde prosedures en beperkings toegepas en bestuur word.

Die bestuur is van mening, gebaseer op die inligting en verduidelikings wat deur die bestuur gegee is, dat die interne beheerstelsels redelike sekerheid bied dat daar vir die voorbereiding van die finansiële state op die finansiële rekords gesteun kan word. Enige interne finansiële beheerstelsel kan egter slegs redelike, en nie absolute, versekering bied teen enige wesenlike wanvoorstelling of verlies.

Die bestuur het die organisasie se kontantvloei-vooruitskatting vir die jaar tot 31 Desember 2017 geëvalueer en, in die lig van hierdie oorsig en die huidige finansiële posisie, is hulle oortuig dat die organisasie toegang het tot toereikende hulpbronne om voort te gaan in operasionele bestaan in die afsienbare toekoms.

Die eksterne ouditeure is verantwoordelik vir die onafhanklike ouditering en verslagdoening van die beheerliggaam se finansiële state. Die finansiële state is deur die beheerliggaam se eksterne ouditeure ondersoek en hul verslag is uiteengesit op bladsy 5.

Die finansiële state wat uiteengesit is op bladsye 5 tot 13 en voorberei is op die lopendesaak-grondslag, is goedgekeur en onderteken namens die raad op 10 Maart 2017 deur:

**Goedkeuring van finansiële state**

| | |
|---|---|
| **Voorsitter** | **Uitvoerende beampte** |

**10 Maart 2017**

# Bestuur se verslag

Die bestuur dien hul verslag in vir die jaar geëindig 31 Desember 2016.

### 1. Oorsig van aktiwiteite

**Hoofbesigheid en bedrywighede**

Die netto surplus na belasting van die beheerliggaam was R1,712,886 (2015: wins R764,116), nadat belasting van R- (2015: R-) afgetrek is.

### 2. Lopende saak

Die finansiële state is opgestel op grond van die rekeningkundige beleid wat op 'n lopende saak van toepassing is. Hierdie grondslag veronderstel dat daar fondse beskikbaar sal wees om toekomstige bedrywighede te finansier en dat die realisering van bates en die vereffening van laste, voorwaardelike verpligtinge en verbintenisse in die gewone gang van sake sal plaasvind.

### 3. Gebeure na die verslagdoeningsdatum

Die bestuur is nie bewus van enige aangeleentheid of gebeurtenis, wat sedert die einde van die finansiële jaar ontstaan het, wat 'n wesenlike uitwerking op die finansiële state het nie.

### 4. Ouditeure

Gert Jordaan Ingelyf sal in die volgende finansiële tydperk hul amp voortsit.

## Staat van Finansiële Posisie soos op 31 Desember 2016

| | Aan-teke-ning(e) | 2016 R | 2015 R |
|---|---|---|---|
| **Bates** | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | | | |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 2 | 280,578 | 332,425 |
| Lening - SA Onderwys Trust | 3 | 1,299,091 | 1,205,653 |
| | | **1,579,669** | **1,538,078** |
| **Bedryfsbates** | | | |
| Voorraad | 4 | 152,900 | 140,470 |
| Handels- en ander debiteure | 5 | 452,075 | 537,762 |
| Vooruitbetalings- regskoste | | 2,715 | 77,854 |
| Kontant en kontantekwivalente | 6 | 3,501,848 | 3,168,744 |
| | | **4,109,538** | **3,924,830** |
| **Totale bates** | | **5,689,207** | **5,462,908** |
| **Ekwiteit en aanspreeklikhede** | | | |
| **Nasionale Raad se Fondse en Reserwes** | | | |
| Nie-uitkeerbare reserwes | | 1,149,497 | 1,149,497 |
| Opgelope surplus | | 4,322,824 | 2,609,938 |
| | | **5,472,321** | **3,759,435** |
| **Laste** | | | |
| **Bedryfslaste** | | | |
| Handels- en ander krediteure | 8 | 216,886 | 1,703,473 |
| **Totale ekwiteit en aanspreeklikhede** | | **5,689,207** | **5,462,908** |

**Fedsas**
Finansiële State vir die jaar geëindig 31 Desember 2016

## Staat van Omvattende Inkomste

| | Aan-teke-ning(e) | 2016 R | 2015 R |
|---|---|---|---|
| Inkomste | 9 | 12,560,533 | 11,198,373 |
| Ander inkomste | | 7,152,007 | 5,191,245 |
| Bedryfskoste | | (18,560,673) | (16,021,317) |
| **Bedryfs surplus** | | **1,151,867** | **368,301** |
| Beleggingsinkomste | 10 | 561,019 | 395,815 |
| **Surplus vir die jaar** | | **1,712,886** | **764,116** |
| Ander omvattende inkomste | | - | - |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | | **1,712,886** | **764,116** |

## Fedsas
Finansiële State vir die jaar geëindig 31 Desember 2016

# Staat van Veranderings in Ekwiteit

| | Regsfonds-reserwe | Ander nie verdeelbare reserwe | Totale reserwes | Opgelope surplus | Totale ekwiteit |
|---|---|---|---|---|---|
| | R | R | R | R | R |
| **Saldo op 1 Januarie 2015** | **429,381** | **720,116** | **1,149,497** | **1,845,822** | **2,995,319** |
| Surplus vir die jaar | - | - | - | 764,116 | 764,116 |
| Ander omvattende inkomste | - | - | - | - | - |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | **-** | **-** | **-** | **764,116** | **764,116** |
| **Saldo op 1 Januarie 2016** | **429,381** | **720,116** | **1,149,497** | **2,609,938** | **3,759,435** |
| Surplus vir die jaar | - | - | - | 1,712,886 | 1,712,886 |
| Ander omvattende inkomste | - | - | - | - | - |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | **-** | **-** | **-** | **1,712,886** | **1,712,886** |
| **Saldo op 31 Desember 2016** | **429,381** | **720,116** | **1,149,497** | **4,322,824** | **5,472,321** |

Die rekeningkundige beleid op bladsy 10 en die aantekeninge op bladsye 11 tot 12 vorm 'n integrale deel van die finansiële state.

## Fedsas
Finansiële State vir die jaar geëindig 31 Desember 2016

# Staat van Kontantvloei

| | Aan-teke-ning(e) | 2016 R | 2015 R |
|---|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | | |
| Kontant gegenereer deur bedrywighede | 11 | 105,744 | 1,210,347 |
| Rente-inkomste | | 561,019 | 395,815 |
| **Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite** | | **666,763** | **1,606,162** |
| **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | | | |
| Verkryging van eiendom, aanleg en toerusting | 2 | (240,221) | (258,138) |
| Verkryging van lening - SA onderwys trust | | (93,438) | (68,245) |
| **Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite** | | **(333,659)** | **(326,383)** |
| **Totale kontantbeweging vir die jaar** | | **333,104** | **1,279,779** |
| Saldo aan die begin van die jaar | | 3,168,744 | 1,888,900 |
| **Saldo aan die einde van die jaar** | 6 | **3,501,848** | **3,168,679** |

# Rekeningkundige Beleid

### 1. Aanbieding van finansiële state

Die finansiële state is ooreenkomstig die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings, en die Wet op Deeltitels, 1986 (Wet No. 95 van 1986) opgestel. Die finansiële state is op die historiese kostegrondslag, buiten vir biologiese bates teen billike waarde minus verkoopspunt koste opgestel. Dit word in Suid-Afrikaanse Rand aangebied.

Hierdie rekeningkundige beleid stem ooreen met die vorige tydperk, behalwe vir die veranderings uiteengesit in aantekening Eerste toepassing van die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde vir Klein en Mediumgrootte Ondernemings.

### 1.1 Eiendom, aanleg en toerusting

Eiendom, aanleg en toerusting word gedra teen kosprys minus opgehoopte depresiasie en opgehoopte waardedalingsverliese.

Die kosprys sluit koste in wat aanvanklik aangegaan is om 'n item van eiendom, aanleg en toerusting te verkry of te bou en koste wat daarna aangegaan is om daarby toe te voeg, 'n deel daarvan te vervang of dit te diens. Indien ‘n vervangingskoste erken word in die drabedrag van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting, word die drabedrag van die vervangde item omgeswaai.

Depresiasie word voorsien deur gebruik te maak van die reguitlynmetode om die kosprys af te skryf, minus die beraamde reswaarde oor die nuttige lewensduur van die eiendom, aanleg en toerusting as volg:

Indien die hoofkomponente van 'n item van eiendom, aanleg en toerusting aansienlik verskillende patrone van verbruik van ekonomiese voordele het, word die aanvanklike kosprys van die bate toegeken aan die hoofkomponente en elke sodanige komponent word afsonderlik gedepresieer oor sy nuttige lewensduur.

Grond word nie gedepresieer nie.

Die reswaarde, depresiasie metode en nuttige lewensduur van elke bate word hersien slegs waar daar 'n aanduiding is dat daar 'n beduidende verandering van die vorige skatting was.

### 1.2 Voorraad

Voorraad word gemeet teen die laagste van die kosprys en beraamde verkoopsprys minus koste om te voltooi en te verkoop, op die eerste-in-eerste-uit (EIEU) grondslag.

### 1.3 Waardedaling van bates

Die beheerliggaam evalueer op elke verslagdoeningsdatum of daar enige aanduiding is dat eiendom, aanleg en toerusting ontasbare bates of klandisiewaarde se waarde mag daal.

Indien daar enige sodanige aanduiding is, word die verhaalbare bedrag van enige geraakte bate (of groep van verwante bates) beraam en met sy drabedrag vergelyk. Indien die beraamde verhaalbare bedrag laer is, word die drabedrag verminder na sy beraamde verhaalbare bedrag, en 'n waardedalingsverlies word onmiddellik in surplus of tekort erken.

Indien 'n waardedalingsverlies daarna omswaai, word die drabedrag van die bate (of groep van verwante bates) verhoog na die hersiene beraming van sy verhaalbare bedrag, maar nie meer as die bedrag wat bepaal sou word indien geen waardedalingsverlies vir die bate (of groep van bates) in die vorige jare erken is nie. 'n Omswaai van waardedaling word onmiddellik in surplus of tekort erken.

### 1.4 Inkomste

Inkomste word erken tot die mate waartoe die beheerliggaam die beduidende risiko's en belonings van eienaarskap van goedere aan die koper oorgedra het, of dienste gelewer het ingevolge 'n ooreenkoms op voorwaarde dat die bedrag betroubaar gemeet kan word en dit waarskynlik is dat ekonomiese voordeel, wat verband hou met die transaksie, die beheerliggaam sal toekom. Inkomste word gemeet teen die billike waarde van die vergoeding ontvang of ontvangbaar, uitgesluit verkoopsbelasting en afslag.

Rente word erken in surplus of tekort deur gebruik te maak van die effektiewerentekoers-metode.

# Aantekeninge tot die Finansiële State

| | 2016 R | 2015 R |
|---|---|---|

## 2. Eiendom, aanleg en toerusting

| | 2016 | | | 2015 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Koste | Opgehoopte depresiasie en verswakkings | Drawaarde | Koste | Opgehoopte depresiasie en verswakkings | Drawaarde |
| Meubels en vaste toebehore | 123,869 | (58,009) | 65,860 | 82,046 | (34,119) | 47,927 |
| Motorvoertuie | 311,636 | (311,635) | 1 | 311,636 | (311,635) | 1 |
| Kantoortoerusting | 85,231 | (85,229) | 2 | 85,231 | (78,256) | 6,975 |
| Rekenaarprogrammatuur | 900,064 | (685,349) | 214,715 | 701,666 | (424,144) | 277,522 |
| **Totaal** | **1,420,800** | **(1,140,222)** | **280,578** | **1,180,579** | **(848,154)** | **332,425** |

### Rekonsiliasie van eiendom, aanleg en toerusting - 2016

| | Openingsaldo | Byvoegings | Depresiasie | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Meubels en vaste toebehore | 47,927 | 41,823 | (23,890) | 65,860 |
| Motorvoertuie | 1 | - | - | 1 |
| Kantoortoerusting | 6,975 | - | (6,973) | 2 |
| Rekenaarprogrammatuur | 277,522 | 198,398 | (261,205) | 214,715 |
| | **332,425** | **240,221** | **(292,068)** | **280,578** |

### Rekonsiliasie van eiendom, aanleg en toerusting - 2015

| | Openingsaldo | Byvoegings | Depresiasie | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Meubels en vaste toebehore | 26,388 | 33,818 | (12,279) | 47,927 |
| Motorvoertuie | 1 | - | - | 1 |
| Kantoortoerusting | 623 | 7,939 | (1,587) | 6,975 |
| Rekenaarprogrammatuur | 157,487 | 216,381 | (96,346) | 277,522 |
| | **184,499** | **258,138** | **(110,212)** | **332,425** |

## 3. Lening - SA Onderwys Trust

Hierdie lening is gemaak aan die S A Onderwys Trust en die lening is terugbetaalbaar op aanvraag. Hierdie lening is onderhewig aan rente teen geldmark koers van ABSA Beperk. Die heersende koers was 6% op 31 Desember 2015.

## 4. Voorraad

| | 2016 | 2015 |
|---|---|---|
| Voorraad literatuur | 152,900 | 140,470 |

## 5. Handels- en ander debiteure

| | 2016 | 2015 |
|---|---|---|
| Ontvangbare handelsdebiteure | 452,075 | 537,762 |

## 6. Kontant en kontantekwivalente

Kontant en kontantekwivalente bestaan uit:

# Aantekeninge by die Finansiële State

| | 2016<br>R | 2015<br>R |
|---|---|---|

### 6. Kontant en kontantekwivalente (vervolg)

| | | |
|---|---|---|
| Kontant voorhande | 129 | 2,185 |
| Banksaldo's | 742,070 | 243,965 |
| Korttermyndeposito's | 2,520,114 | 2,677,477 |
| Voorkeuraandele drie maande voor aflossing teruggekoop | (2,465) | 617 |
| Ander kontant en kontantekwivalente - Voorskotte aan Provinsies | 242,000 | 244,500 |
| | **3,501,848** | **3,168,744** |

### 7. Ander finansiële aanspreeklikhede

Die billike waardes van die finansiële aanspreeklikhede word soos volg bereken:

### 8. Handels- en ander krediteure

| | | |
|---|---|---|
| Krediteure voorsiening | 172,876 | 103,109 |
| Vooruitontvange inkomste | 44,010 | 1,600,364 |
| | **216,886** | **1,703,473** |

### 9. Inkomste

| | | |
|---|---|---|
| Ledegeld & diverse inkomste | 12,560,533 | 11,198,373 |

### 10. Beleggingsinkomste

| | | |
|---|---|---|
| **Rente-inkomste** | | |
| Lening ontvangbaar en beleggings | 561,019 | 395,815 |

### 11. Kontant gegenereer deur bedrywighede


| | | |
|---|---|---|
| Surplus voor belasting | 1,712,886 | 764,116 |
| **Aanpassings vir:** | | |
| Depresiasie en amortisasie | 292,068 | 108,626 |
| Rente ontvang | (561,019) | (395,815) |
| Beweging in voorsienings | - | (144,346) |
| **Veranderings in bedryfskapitaal:** | | |
| Voorraad | (12,430) | (140,470) |
| Handels- en ander debiteure | 85,687 | (418,945) |
| Vooruitbetalings- regskoste | 75,139 | (77,854) |
| Handels- en ander krediteure | (1,486,587) | 1,515,035 |
| | **105,744** | **1,210,347** |

### 12. Belasting

Die entiteit is geregistreer as 'n Nie Winsgewende Organisasie met NPO nommer : 128-598. Vervolgens is die entiteit vrygestel van Inkomstebelasting onder artikel 10(1)(cn) van die inkomstebelastingwet

## Volledige Inkomstestaat

| | Aan-teke-ning(e) | 2016 R | 2015 R |
|---|---|---|---|
| **Inkomste** | | | |
| Ledegelde | | 12,560,533 | 11,198,373 |
| **Ander inkomste** | | | |
| Donasies, borgskappe & regsfonds | | 7,059,655 | 4,382,328 |
| DVD Verkope & Juta boeke | | 57,352 | 338,917 |
| Projek befondsing | | - | 450,000 |
| Web Advertensies | | 35,000 | 20,000 |
| Rente ontvang | 10 | 561,019 | 395,815 |
| | | **7,713,026** | **5,587,060** |
| **Bedryfskoste** | | | |
| Advertensies | | (102,486) | (29,573) |
| Bankkoste | | (31,095) | (26,137) |
| Beurse | | - | (10,000) |
| Depresiasie, amortisasie en waardedalings | | (285,095) | (108,626) |
| Drukwerk en skryfbehoeftes | | (178,275) | (167,610) |
| Geskenke | | (16,069) | (107,073) |
| Herstelwerk en instandhouding | | (73,798) | (74,524) |
| Huur | | (6,973) | (1,588) |
| Kantoorhuur | | (378,709) | (370,732) |
| Korporatiewe kleredrag | | (28,272) | (32,682) |
| Motorvoertuigkoste | | (8,247) | (23,923) |
| Munisipale uitgawes | | (32,587) | (38,983) |
| Onthaalkoste | | (24,309) | (45,907) |
| Opleiding | | (4,700) | (9,927) |
| Personeel beraad | | (744,179) | (630,957) |
| Posgeld | | (31,787) | (26,542) |
| Projekte uitgawes | | (502,706) | (2,584,627) |
| Regskoste | | (1,204,180) | (2,227,677) |
| Reiskoste - plaaslik | | (2,156,208) | (1,757,616) |
| Rekenaarkoste | | (124,970) | (135,472) |
| Rekeningkundige geld | | (24,065) | (28,189) |
| Slegte skuld | | (7,078) | - |
| Subskripsies & ledgeld | | (86,851) | (113,936) |
| Telefoon en faks | | (434,140) | (424,871) |
| Tydskrifte, boeke en joernale | | (986) | (880) |
| Vergaderings en Konverensie uitgawes | | (732,736) | (442,712) |
| Versekering | | (97,695) | (79,612) |
| Vertalingskoste | | (31,098) | (26,215) |
| Web administrasie | | (157,883) | (91,152) |
| Werknemerkoste | | (11,053,496) | (6,403,574) |
| | | **(18,560,673)** | **(16,021,317)** |
| **Surplus vir die jaar** | | **1,712,886** | **764,116** |


Regsfondsinkomste 2011-2017
2017
2016
2015
2014
2013
R 179 459,63
R 230 962,00
R 1 299 495,00
R 456 245,00
R 605 246,00
R 0,00
R 200 000,00
R 400 000,00
R 600 000,00
R 800 000,00
R 1 000 000,00
R 1 200 000,00
R 1 400 000,00
Regsfondsinkomste 2011-2017

